# NGKN Verslag

## Kerkverband, Plaaslike Strukturering, Teologiese Opleiding en Nuwe Reformatoriese Geloofsgemeenskappe

(Besluit 9.10 van die NGKN Sinode 2016)

## Inhoud


Die 2016 Sinode Besluit 2

Gebeure en handelinge ter uitvoering van die 2016 sinode besluit. 2

Die Moderamen 2016/7/21 besluit 2

Verloop van die proses. 3

Verwikkelinge buite die NGKN 11

A. Indrukke uit ASM en kontak met leiers in ander "streek" sinodes. 11

B. Die Algemene Sinode 2019 11

Die NGKN in kontak met die breër verband. Ons invloed 11

Aanbevelings NGKN Sinode 2021 12

A. Kerkverband en ekumene: 12

B. Teologiese opleiding 12

C. Plaaslike Strukture Deel 1: Taakspanne. 13

D. Plaaslike Strukture Deel 2: Sinodale leierskap en nog ʼn taakspan 14

Kandidate Komitee 15

Sinodale leierskap 15

Verteenwoordigende oorsigspan (Moderamen) 16

Uitvoerende Leierskap (Moderatuur) 16

Die Taakspan Vernuwing en Strategie 17

E. Plaaslike Strukture Deel 3: Kubernese 18

Hierdie voorstel berus en kom na aanleiding van: 18

Realiteite: 18

Kubernese Aanbevelings: 19

F. Plaaslike Strukture Deel 4: Gemeente groepe en ringe 20

Beginsels Vertrekpunte ten opsigte van Gemeente Groepe (aanvanklik *clusters* genoem) 20

Voorbeelde en Moontlikhede 22

Befondsing 22

Aanbevelings oor gemeente groepe en ringe 22

G. Algemene aanbeveling 22

## Die 2016 Sinode Besluit

NGKN Sinode 2016 neem die volgende besluit (sien bladsy 13 van die notule).

| |
|---|
| 9.10 Die sinode besluit om 'n taakspan van die volgende 8 persone, nl. drr. André Olivier (sameroeper), Manus Olivier, De Wet Strauss, Jan Woest, di Dirk de Vos, Johannes de Koning, Johannes Maritz en Thijs van der Merwe, aan te wys om 'n proses van besinning, raadpleging en besluitneming oor die toekomstige funksionering van die NGKN te begelei en binne 4 maande terugvoering te gee aan die moderamen vir verdere hantering. Die taakspan moet onder andere aan die volgende aspekte aandag gee:<br>• Breë ekumeniese verhouding, bv. die Algemene Sinode<br>• Plaaslike strukturering<br>• Teologiese opleiding<br>• Nuwe Reformatoriese geloofsgemeenskappe. |

## Gebeure en handelinge ter uitvoering van die 2016 sinode besluit.

Taakspan werkswyse. Die volgende het plaasgevind

1. Die lede was versoek was om na aanleiding van 'n vraelys, hul insette oor die aangeleenthede in te stuur.
2. Die insette is saamgevoeg in 'n dokument.
3. Die taakspan het vergader (2016/7/14) om die insette / kompilasie te bespreek.
4. Die dokument is weer gesirkuleer onder die lede vir finale insette.
5. Die dokument is met alle insette aangepas en dien voor die Moderamen vergadering van 2016/7/21, met aanbevelings. Hier volg 'n skakel na die dokument:
   https://drive.google.com/file/d/1aVvBmSOj6jc_vlfIW6gzACjAf5OktvXN/view?usp=sharing

Vervolgens die besluit van die moderamen na aanleiding van die verslag en die aanbevelings daarin.

## Die Moderamen 2016/7/21 besluit

4. Aanbevelings
   4.1. Die moderamen besluit om die NGKN se bestaande kerkordelike verband met die Algemene Sinode wat tans wyd in die geledere van die kerk ondersoek en gedebatteer word, vir die huidige te handhaaf. Die NGKN neem sover moontlik deurlopend en konstruktief deel aan die kerklike gesprekke en nadenke rondom die toekoms van die Nederduits Gereformeerde kerkverband wat vanweë 'n verskeidenheid van redes tans onder druk verkeer, met dien verstande dat:
      4.1.1. Die vestiging van die unieke identiteit van die NGKN as selfstandige nasionale sinode steeds voortgaan en na geland van die kontekstuele omstandighede uitgebrei word;
      4.1.2. Bi-laterale ekumeniese verhoudinge met ander reformatoriese kerke hier in Namibië en ook in buurlande soos Botswana, Zambië, Zimbabwe en Angola versterk en uitgebrei word;
      4.1.3. Die verkennende gesprekke en teologiese besinning met die oog op die moontlike vestiging van 'n Liggaam van Reformatoriese Geloofsgemeenskappe in Namibië doelgerig uitgebrei en voortgesit word.

4.2. Die moderamen besluit dat die motivering vir en oogmerke met die bestaande plaaslike strukturering van die NGKN in 4 groot ringe opnuut weer met verteenwoordigers van elkeen van die ringe deurgepraat en toegelig word. Indien die uitkomste van hierdie gesprekke belangrike sake op die tafel bring, behoort nodige aanpassings oorweeg te word om die funksionering van die ringe meer sinvol en doelmatig te maak.

4.3. Die moderamen besluit wat teologiese opleiding betref, dat die volgende eerste stappe gedoen word (Die aanbevelings is vervat in die aanbevelings vir die sinode onder B. Teologiese Opleiding):

4.3.1. Die reglement vir die Namibiese kuratorium word gewysig wat betref die samestelling daarvan sodat dit voortaan uit 1 verteenwoordiger uit elke ring, die Aktuarius van die sinode en die Algemene Sekretaris bestaan. Die kuratorium het die reg tot koöptering van persone met kundigheid wat die kuratorium in die uitvoering van haar verantwoordelikhede kan help.

4.3.2. Die moderamen gee goedkeuring dat die kuratorium nou reeds op hierdie wyse saamgestel kan word al sal die reglementswysiging eers by die eersvolgende sinode afgehandel kan word.

4.3.3. Die moderamen versoek die kuratorium om die verbrede beleid van opleiding van gemeentelike bedienaars van die NG Kerk soos goedgekeur in 2013 deeglik te oorweeg en die toepaslike prosedures vir die implementering daarvan in Namibië op te stel en aan die volgende moderamen vergadering voor te lê.

4.3.4. Die moderamen versoek die kuratorium om 'n konstruktiewe raamwerk vir gesprek en die vestiging van 'n samewerkende verhouding met NETS op te stel en aan die volgende moderamen vergadering voor te lê.

Hiermee is die opdrag van die taakspan tydens die sinode aangewys in wese en tyd afgehandel, maar ook 'n nuwe besluite geneem waarvan die verloop vervolgens aangedui word.

## Verloop van die proses.

Gebeure, handelinge, aksie en besluite om uitvoering aan die besluit van die moderamen te gee, die volgende:

### 1. Moderatuur 23 September 2016

1.1. Ontmoet met ds. Nelis Janse van Rensburg en dr Gustav Claassen.

1.2. Ds. Van Rensburg stel 3 sake aan die orde:

1.2.1. Namibië se deel-wees van die verband.

1.2.2. Wat gaan aan in die Algemene Sinode?

1.2.3. Onafhanklikheid van Namibië as sinode.

1.3. Dr Claassen pleit dat die "grootbaas" beeld van die Algemene Sinode gedekonstrueer moet word.

### 2. Moderamen 27 Oktober 2016

2.1. Die moderamen besluit om die leiding van die taakspan oor kerkverband aan die assessor, ds. Johannes Maritz, op te dra. Die samestelling van die Taakspan bly dieselfde.

3. **Moderatuur 24 November 2016**

3.1. Die moderatuur neem kennis dat hierdie punt oorkoepelend die dieper gesprek oor die roeping, gerigtheid en organisasie van die NG-verband in Namibië verteenwoordig.

3.2. Uit die gesprek met die DGA op 23 November, is reeds 'n volgende gesprek geskeduleer vir DV 12 Januarie 2017. Dit is duidelik dat die voorgenome indaba met die voorsitters van finansiële kommissies, nie die beste roete is om te neem nie. Die ander indaba met die ring leierskap (aangevul met die leierskap van Fresh, Kunene vir Christus en DEGNOS) wat vir Februarie 2020 geskeduleer is, gaan waarskynlik 'n beter opsie lewer om 'n dieper gesprek te voer met 'n breër groep leiers.

3.3. Die predikantekonferensie van Februarie 2017 sal ook inspeel op die tema van praktiese implementering van die missionale teologie.

4. **Moderamen 23 Februarie 2017**

**4.1. Taakspan Kerkverband**

4.1.1. Aan die hand van die uitkoms van die oggend se gesprek met Ringskommissies en Beheerrade, besluit die moderamen om 'n Projekspan aan te wys met opdrag die ontwerp van 'n proses wat onder andere die aktiwiteite wat die DGA voorgestel het (die Herposisioneringsgroep), se aktiwiteite insluit.

4.1.2. Die volgende lede word benoem: Dr Jan Woest, ds. Johannes Maritz (sameroeper), ds. Ernst Coetzee, mnr. Kobus van Graan, ds. Hestie Hay.

**4.2. Teologiese opleiding**

4.2.1. Die kuratorium rapporteer dat hulle 'n skriftelike aanbod aan NETS gaan maak vir die aanbieding van 'n MTh in Bedieningspraktyk. Hierdie opleiding sal by die Algemene Kuratorium van die NG Kerk aangebied word vir akkreditasie sodat suksesvolle studente toegelaat sal word tot NG-legitimasie.

4.2.2. 'n Verdere aanbod aan NETS sal wees om 'n module oor *Reformed Distinctions* as addisionele vak vir NG-studente wat vir die BTh-graad ingeskryf is en NG-predikante wil word, tot hulle kurrikulum toe te voeg.

4.2.3. Die huidige DEGNOS-kurrikulum sal in die lig van die klaarblyklike beëindiging van die band met die *Sentrum vir Kontekstuele Teologie* in Pretoria, ondertussen deur die Kuratorium geëvalueer word met die oog op sinodale akkreditasie daarvan. Uiteindelik sal hierdie pakket vir opleiding van lidmate uiteindelik ook aan NETS aangebied word vir moontlike integrasie by bv hulle *Theological Education by Extention. (TEE)*.

**4.3. Evaluasie van Ringsindeling**

4.3.1. Die moderamen versoek ringe om plaaslik en met inagneming van plaaslike gemeentes se menings, te besin oor moontlike onderlinge verdelings en met aanbevelings aan die Taakspan: Kerkverband, na die moderamen te kom. Gemeentes kjan binne een ring in kleiner *clusters* byeenkom vir bepaalde funksies.

4.3.2. Selfs gesamentlike inisiatiewe / aksies van gemeentes binne Windhoek, wat oor 2 ringe lê, is moontlik.

## 5. Moderatuur 20 April 2017

### 5.1. Taakspan Kerkverband

5.1.1. Die moderatuur neem kennis dat die verdere uitloop van die proses wat vroeër hierdie dag afgeskop het, tans in die hande van die Taakspan is. Johannes meld dat hulle beplanning is om na die skoolvakansie die kommentaar wat van die Taakspan-lede gevra is, te verwerk, Dit behoort ’n praktiese inspuiting te wees om die volgende tree in die proses te identifiseer.

5.1.2. Terugskouend met die vergadering op dat die deelnemers aan die gesprek primêr vanuit ’n gemeente-hoek deelgeneem het , en nie vanuit ’n verband-hoek nie. Dit terwyl die kernvraag eintlik die funksionering van die verband is.

5.1.3. Die moderatuur vra dat die taakspan die onderskeidings-gesprek sal opvolg met ’n brief aan almal wat teenwoordig was waarin hulle enersyds bedank word vir hulle deelname, maar andersyds ook voorsien word van ’n duidelike samevatting van wat nou van hulle verwag word.

### 5.2. Teologiese opleiding

5.2.1. Jan rapporteer oor ’n vergadering van die Algemene Kuratorium wat nie goed verloop het nie. Die kerk se proses van herstrukturering van opleiding is by die geleentheid deur die akademici omver gewerp. Die saak is terugverwys na die Taakspan wat aan die herstrukturering werk.

5.2.2. Die moderatuur versoek die kuratorium om alles moontlik te doen om te sorg dat studente wat hulleself tans aan NETS voorberei vir die bediening, wel tot die bediening in Namibië toegelaat sal kan word.

5.2.3. Die moderatuur geen aan die kuratorium die mandaat om met die Namibiese Kwalifikasie-owerheid (NQA) te onderhandel oor die akkreditering van ’n sambreel-liggaam vir Reformatoriese Teologie. Indien dit slaag, sal ’n kandidaat wat aan hierdie sambreel-liggaam se vereistes voldoen, kwalifiseer vir toelating tot die bediening in Namibië.

5.2.4. Erkenning van hierdie legitimasie binne die breër NG Kerk is iets wat mettertyd uitgeklaar sal moet word.

## 6. Moderamen 29 Junie 2017

### 6.1. Taakspan Kerkverband

6.1.1. Moderamen neem in ’n mondelinge voordrag kennis dat die gesprek by drie geleenthede wyer uitgerol is:

6.1.1.1. 13 Februarie: Moderamen, Ringskommissies, verteenwoordigers van diakonale- en getuienisprogramme

6.1.1.2. April, uitgebreide vergadering waar Moderamen se sekundus-lede ook betrek is

6.1.1.3. Predikantekonferensie Junie 2017

6.1.2. Die Moderamen spreek sy tevredenheid uit met hierdie eerste tentatiewe tekening van hoe ’n prentjie vorentoe mag lyk en oordeel dat al vier die opdragte van die 2016-sinode hierin aangespreek word. ’n Skriftelike weergawe van wat voorgedra is, sal nou

aan die Moderamen verskag word, met die versoek om skriftelik daarop kommentaar te lewer.

6.1.3. Die moderamen keur goed dat die gefinaliseerde dokument as gespreksdokument aan die eersvolgende ringsvergaderings voorgelê sal word vir 'n goeie gesprek en terugvoer.

### 6.2. Teologiese opleiding

6.2.1. Die kuratorium poog nog om 'n afspraak met die NQA te kry.

## 7. Moderatuur 17 Augustus 2017

### 7.1. Taakspan Kerkverband

7.1.1. Moderatuur neem kennis dat gesprekke aan die hand van die gespreksdokument op inter-gemeentevlak aan die gang is.

### 7.2. Teologiese opleiding

7.2.1. Daar bestaan (op Algemene Sinode-vlak) steeds spanning tussen die verwagtinge van die NG Kerk vir opleiding van predikante en die Universiteite se akademiese vereistes wat hulle nier bereid is om per individuele kerk aan te gaan nie.

7.2.2. Pogings om die vestiging van 'n NIRT (*Namibia Institute for Reformed Theology*) met die NQA op te neem, kon nog nie geluk nie.

## 8. Moderamen November 2017

### 8.1. Taakspan Kerkverband

8.1.1. Die moderamen keur Roeping 2017 goed as brondokument vir die verdere uitrol van die proses. (Klik op die blou onderstreepte deel om die dokument oop te maak). Aanbeveling vir die sinode om die roepingsverklaring te aanvaar verskyn in die Verslag Roeping en Strategie.

### 8.2. Teologiese opleiding

8.2.1. Moderamen versoek kuratorium om binne die raamwerk van die Algemene Kuratorium se opleidingskedule en met inagneming van plaaslike kapasiteit, duidelike hoekpale te identifiseer waarbinne plaaslike teologiese opleiding volhoubaar gedoen sal kan word.

## 9. Moderamen Maart 2018

### 9.1. Taakspan Kerkverband

9.1.1. Die moderamen neem kennis dat daar plek-plek vrae ontstaan het oor waarom dit lyk of daar lede wat deur die sinode in die Taakspan benoem is, langs die pad uitgelaat is. Die voorsitter verduidelik dat, nadat 'n meer uitgebreide taakspan aangewys is by Sinode 2016, daar in Junie 2016 'n verslag van hierdie uitgebreide taakspan by die moderamen gedien het. Die moderamen het toe 'n nuwe, kleiner taakspan aangewys wat met die werk voortgegaan het en wel op 'n inklusiewe manier. Ander rolspelers is deurlopend betrek by predikante-konferensies sowel as die rondte ringsvergaderings van 2017

9.1.2. Die moderamen keur voorts beginsels van organisasiepatrone goed wat nie hier herhaal word nie.

**9.2. Teologiese opleiding**

9.2.1. Kennis dat die plaaslike proses vertraag word omdat die gesprek op Algemene Sinode-vlak nog aan die gang is.

9.2.2. Kennis dat die Algemene Kuratorium hoop om ’n voorstel oor ’n 5-vlak-opleiding by die Algemene Sinodale Moderamen goedgekeur te kry.

9.2.3. Kennis dat daar reeds Algemene Sinode-sanksie is om Vlak 2-studente wat an DEGNOS opgelei is, te legitimeer.

9.2.4. Die Moderamen beveel by die sinode aan dat hierdie 5-vlak-opleiding toepaslik in Namibië geïmplementeer word, ongeag of dit deur die Algemene Sinode aanvaar word.

9.2.5. Vlak 2-studente wat deur die Namibiese Kuratorium gelegitimeer word, studente uit ’n gemeente, vir die gemeente moet wees. Indien iemand gelegitimeer is en nie daarna in diens van ’n gemeente tree nie, verloor hy/sy sy/haar bevoegdheid.

**10. Moderatuur 26 April 2018**

**10.1. Taakspan Kerkverband**

10.1.1. ’n Eerste konsep vir aangepaste bepalings dien.

10.1.2. Opdrag vir ’n gespreksdokument vir Moderamen in Junie.

10.1.3. Oproep op predikante om ’n gesprek oor Roeping 2017 met kerkrade te fasiliteer.

**10.2. Teologiese Opleiding**

10.2.1. Kennis dat Hugenote Kollege in die toekoms ook ’n rol kan speel in opleiding.

**11. Moderatuur 16 Augustus 2018**

**11.1. Taakspan Kerkverband**

11.1.1. Gesprek oor indeling van ringe

11.1.2. Aanvaar aanbod van DGA om met strategiese finansiële voorstelle vorendag te kom.

**12. Moderamen 18 Oktober 2018**

**12.1. Taakspan Kerkverband**

12.1.1. Voorstel vir nuwe ringsindeling word gefinaliseer

**12.2. Teologiese opleiding**

12.2.1. Moderamen keur goed dat, vir die huidige, DEGNOS en Karas Christi met gebruikmaking van hul huidige kurrikula vir die onderskeie kursusse as opleidingsinstansie van Bedienaars in Namibië sal funksioneer.

**13. Moderamen Februarie 2019**

**13.1. Taakspan Kerkverband**

13.1.1. Moderamen klaar mandaat van onderskeidelik DGA en Moderamen uit, veral met betrekking tot goedkeuring van die begroting

**13.2. Teologiese opleiding**

13.2.1. Moderamen neem kennis van reëlings getref vir die opleiding in Kerklike Diploma vir bedienaars met preekbevoegdheid.

**14. Moderamen 11 April 2019**

**14.1. Taakspan Kerkverband**

14.1.1. Die agenda-punt verander na *Strategiese inisiatiewe van die DGA*.

**15. Moderatuur 2 Mei 2019**

15.1. Die Moderatuur wys daarop dat die rigting waarin die DGA-inisiatief ontwikkel, baie nou aansluit by die opdrag van die sinodale Taakspan vir die Kerkverband en vra dat laasgenoemde Taakspan betrek sal word by volgende gesprekke van die DGA-dinkskrum. Drie dokumente moet as bronne dien: Roeping 2017, voorgestelde nuwe struktuur, Woest-verslag oor toestand van die NG Kerk in Namibië.

**16. Moderatuur 18 Junie 2019**

16.1. Strategiese inisiatiewe van die DGA

16.1.1. Ernst rapporteer dat die proses na sy oordeel goeie waarde gaan toevoeg tot die proses. Die Groep het ondertussen vir dr Jan Woest genader om as sameroeper op te tree. Die fokus van die Groep is allermins net ʼn bate-saak, maar om die laaste deel van Roeping 2017 (die verlange na ʼn reformatoriese geloofsgemeenskap in Namibië) te laat realiseer.

16.1.2. Die Moderatuur verleen goedkeuring aan die Groep, en met name aan Jan Woest as sameroeper, om relevante inligting van gemeentes in te samel.

16.1.3. Die Moderatuur neem Aanvullende Sakelys 1 se eerste punt ter tafel en neem kennis van die DGA se versoek om ʼn addisionele uitgawe van N$150,000 vir die strategiese inisiatief op die begroting goed te keur.

16.1.4. Die Moderatuur beveel aan dat die Moderamen goedkeur dat die begroting met N$150,000 oorskry kan word ten bate van die strategiese inisiatiewe van die DGA.

**17. Moderatuur 8 Augustus 2019**

17.1. Die Moderamen keur goed dat die begroting met N$150,000 oorskry kan word ten bate van die strategiese inisiatiewe van die DGA.

17.2. Die Moderatuur neem kennis van ʼn dokument, *Die NG Kerk in Namibië: die pad sedert 2016,* waarin ʼn sinopsis gegee word oor die verband-besluit van die 2016-sinode en die verloop daarvan *(klik op die dokument om dit oop te maak)*.

17.3. Die Moderamen besluit dat die dokument so breed as moontlik in die kerk versprei moet word.

**18. Moderamen 31 Oktober 2019**

18.1. Die moderamen neem kennis van die vordering van die strategiese inisiatiewe van die DGA, in bylaag 5 van die notule van die moderamen vergadering. Daar is egter geen aanbevelings vir goedkeuring nie.

**19. Moderatuur 19 Mei 2020**

19.1. Beskrywingspunt t.o.v. die verhouding met die Algemene Sinode

19.1.1. Die Moderatuur het kennis geneem van die beskrywingspunt en oordeel dat die saak moet oorstaan tot die sinode konstitueer;

19.1.2. Die Moderatuur meen dat die verslag van Kerkverband bevestig het dat die samestellende kerke outonoom is;

19.1.3. Die Moderatuur oordeel dat – vir die oomblik – voortgegaan word onder die status quo.

19.2. Ekumeniese Netwerke: Die aktivering van plaaslike netwerke moet nou dringend aandag kry. Die proses kan deur die Diensgroep Leierskap bemagtiging se gemeentebeen geskied.

19.3. Reformatoriese Geloofsgemeenskap:

19.3.1. Die Moderatuur neem kennis dat die proses aandag geniet het deur gesprekke wat Johannes en Christa met die Gereformeerde kerk se leierskap, maar dat die gesprek met die Hervormde kerk skipbreuk gely het a.g.v. die vertrek van Frans Ras.

19.3.2. Die Moderatuur het reeds kennis geneem van die gesprekke met die kerkleiding van beide en die maniere waarop reeds saamgewerk word.

19.3.3. Die saak moet nou verder aandag geniet – dit moet plaaslik en in streeksverband op die agendas kom van gemeentes en ringe.

**19.4. Moderatuur en Moderamen Vergaderings**

19.4.1. In die lig van die herhaalde uitstel van die Sinode is ons genoodsaak om ons strategieë te implementeer in soverre ons besluite ons toelaat, sodat ons momentum behou.

19.4.2. Daar word besluit dat die huidige lede kontinueer tot die volgende sinode nuwe leierskap verkies.

19.5. Die goedgekeurde nuwe struktuur sien so daar uit en word vir nou dmv koöptering geaktiveer.

19.5.1. Leierskap begeleiding (Opdrag van die moderator / voorsitter) André Olivier

19.5.2. Teologiese opleiding & Teologiese stimulasie (Kuratorium, VBO, Predikante sake) De Wet Strauss

19.5.3. Leierskap bemagtiging (Veral ook ongeordende leiers) Johannes Maritz, Dries Burger en Manus Olivier

19.5.4. Missionale diakonaat (Programme, gemeente begeleiding, armoede verligting en bejaardesorg) Zack Pienaar

19.5.5. Steundienste en Administrasie (insluitend die kerkreg) Ernst Coetzee

19.6. Thijs kry opdrag om die struktuur meer vleis te gee en die dokument te sirkuleer vir insette vanaf die lede en daarna aan die twee leiers deur te gee en om hulle in te nooi in die prosesse vorentoe as gekoöpteerde lede.

19.7. Die fokusse van elk van die vyf bene word goedgekeur. Die aanbevelings word weergegee in die aanbevelings aan die sinode onderaan hierdie verslag, met uitsondering van die aanbevelings ten opsigte van steundienste wat vervang word met die Kubernese aanbevelings van die taakspan vir vernuwing en Strategie, wat later deur die Moderamen aanvaar is.

19.7.1. **Steundienste en Administrasie** (insluitend die kerkreg) Ernst Coetzee. Die werksaamheid val in twee bene uiteen – die werk wat tans onder die Diensgroep Administrasie val en die werk van die Taakspan Kerkreg o.l.v. die Aktuarius. Die werksaamhede is breedweg alles wat onder die algemene sekretaris ressorteer.

19.7.1.1. Administrasie en Fondse: Die DGA is die Taakspan wat omsien na die terrein; die hoof fokus van die taakspan is die Bestuur van die Sinode se finansies en alles wat daarmee gepaard gaan en die administrasie wat as onderbou nodig is om gemeentes te ondersteun in hulle dienswerk – personeel sake soos pensioene, mediese fonds, die argief ressorteer hieronder.

19.7.1.2. Die Taakspan Kerkreg: Die voorstelle wat reeds breed ondersteuning geniet trek alle sake wat statutêre en Kerk ordelike implikasies het op na die Taakspan.

19.7.1.3. Dit beteken dat in elke ring verteenwoordigers gevind moet word wat buite die Ringskommissie staan, en aan die administratiefregtelike en kerkregtelike sake omsien m.b.t. alle geordende personeel, kerkraadslede en gemeentes, wat as eerste linie dien en onder begeleiding van die aktuarius sake plaaslik hanteer;

19.7.1.4. Die aktuarius en taakspan Kerkreg vervang dus alle RK funksies in die verband

19.7.1.5. Die aktuarius doen steeds die normale werk soos vervat in die Reglemente

19.7.1.6. Die taakspan is verantwoordelik vir die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente van die NGKN – vir verfyning, aanpassing en publikasie.

20.**Moderatuur** 22 Junie 2020

20.1. Strategiese inisiatiewe van die DGA. Daar word besluit dat:

20.1.1. Koos Keyser die proses nou verder voer en dat hy vergoed word daarvoor,

20.1.2. Die eerste doelwit is dat Koos ontmoet met die ringe se leierskap om die voordrag te hanteer met hulle en ook om insette te kry vanaf die ringe om verder te verfyn;

20.1.3. dat die volgende rondte verder met gemeentes se leierskap gekonsulteer word;

20.1.4. dat die eerste prys is om fisiese byeenkomste hiervoor te benut, maar dat dit ook op Zoom toeganklik sal wees;

20.1.5. dat met die bestaande sinodale taakspanne ook sover moontlik ook in sulke gesprekke betrek word;

20.1.6. dat die Taakspan en die moderatuur op 8 September vergader om verder saam te praat oor die uitkomste.

21.**Moderamen** 8 Oktober 2020

21.1. Strategiese inisiatiewe:

21.1.1. Die Moderamen aanvaar die Groeiplan en aanbevelings eenparig. (Die aanbevelings word aanbevelings van die moderamen aan die sinode en is saamgevoeg by ander aanbevelings t.o.v. vernuwing en strategie vir die sinode).

21.1.2. Die Moderamen besluit dat die taakspan (Strategie en vernuwing) met die implementering van die plan begin.

22.**Moderatuur** 7 Desember 2020

22.1. Taakspan vernuwing en Strategie.

22.1.1. Die moderatuur besluit om die aanbevelings van die taakspan t.o.v. kubernese te aanvaar en stuur dit aan na die moderamen vir insluiting in die verslag na die sinode. (Die aanbevelings is saamgevoeg by ander aanbevelings t.o.v. vernuwing en strategie vir die sinode).

22.1.2. Dat die Algemene Sekretaris opdrag kry om, indien moontlik, kandidate te identifiseer vir die twee skribaat poste (volgens die kubernese aanbevelings van die taakspan) en te ontplooi ten einde die AS se las te verlig.

23.**Moderatuur** 26 Januarie 2021

23.1. Taakspan Vernuwing en Strategie: Die vergadering neem kennis van die inhoud van die werkswinkel vir Taakspanne 28 Januarie 2021.

24.**Moderamen** 18 Februarie 2021

24.1. Taakspan Vernuwing en Strategie: Die vergadering neem kennis van die uiteensetting van die Groeiplan in dokument en pamflet vorm.

25.**Moderatuur** 9 Maart 2021

25.1. Taakspan Vernuwing en Strategie: Die vergadering neem kennis van die voorlegging van die taakspan: Gemeente Groepe en Grense.

# Verwikkelinge buite die NGKN

## A. Indrukke uit ASM en kontak met leiers in ander "streek" sinodes.

10.1 Dit blyk uit die gesprek en Algemene Sinode Moderamen vergaderings daar dat: Meer "streek" sinodes ego min of meer die gevoel van die NGKN vir meer sinvolle maniere van in verband staan met die AS.

10.2 Onsekerheid bestaan of predikante van die NGKN, hul bevoegdheid in die RSA sou kon verloor, sou die AS, die NGKN beskou soos die Gereformeerde kerk in Nederland (waartussen geen beroeps-ooreenkomste bestaan nie).

## B. Die Algemene Sinode 2019

Die Algemene sinode (AS 2019) neem die besluit om die volgende verandering in die reglement te maak:

| | |
|---|---|
| 5.4 | FUNKSIE VAN ALGEMENE SINODE |
| 5.4.1 | Die Algemene Sinode is nie 'n beleidsvoorskriftelike sinode nie. |
| 5.4.2 | Die Algemene Sinode en sy taakspanne doen navorsing en beoefen inklusief konsulterende gesprek en gemeenskaplike denke wat sinodes en gemeentes help om eie beleid te vorm. |
| 5.4.3 | Die Algemene Sinode en sy taakspanne dien as adviesraad vir die samestellende sinodes ten opsigte van bepaalde beleidsake: kerkorde, predikantesake, arbeidsreg. |
| 5.4.4 | Die Algemene Sinode motiveer en ondersteun die sinodes in die uitvoering van hulle roeping. |

# Die NGKN in kontak met die breër verband. Ons invloed

Die NGKN is verteenwoordig op die ASM, waar beding is vir pariteit in verteenwoordiging. Op ons aandrang het elke kerk 'n afvaardiging van 5 mense wat deur die deelnemende kerk self afgevaardig of verwissel kan word.

Die NGKN neem ook deel aan verskeie taakspanne van AS, so ook in die Algemene Sinode kuratorium. Hierdie forums is deeglik benut om die belange en getuienis van die NGKN in beskeie diensbaarheid te verteenwoordig en oor te dra (soos blyk uit wat bereik is ten opsigte van verteenwoordiging pariteit).

Ons aandrang op pariteit in die Algemene sinode. Ons het geslaag by die ASM. Die besluit in die blokkie is ook 'n uitkoms hiervan.

'n Spesifieke voorbeeld van ons invloed was 'n opdrag (van die moderatuur) aan die NGKN moderator om in gesprek met die ASM voorsitter te gaan en aan hom:

1. Die ongemak wat ons optel (dat die indruk van partydigheid ten opsigte van sekere sake van die stoel ervaar word) oor te dra,
2. Dat ons afgevaardigdes die ruimte moet kry om dit so te stel by die ASM. Dit is uitgevoer, en ons afvaardiging kon hulle saak stel, en daar was ruimte daarvoor.

# Aanbevelings NGKN Sinode 2021

*(Hiervandaan het alle aanbevelings gewone nommers sonder 'n hakkie. Beginsels of punte van motivering het 'n letter, romeinse nommer of nommer met 'n hakkie agter. Dit is sodat daar maklik na beide kan verwys word).*

*Dele in kursief gedruk is ter inligting en vorm nie deel van die aanbeveling soos dit in die besluite van die Sinode opgeneem word nie.*

## A. Kerkverband en ekumene:

1. Die sinode spreek sy tevredenheid uit oor vordering gedurende die reses om die NGKN te vestig as 'n onafhanklike kerk met eie identiteit, sonder om die Bybelse opdrag van eenheid te verontagsaam.

2. Die sinode spreek sy voorneme uit na 'n balans van:
    - 2.1 Eie identiteit,
    - 2.2 Gesonde interafhanklikheid, maar ook
    - 2.3 Groeiende eenheid.
    - 2.4 Hierdie balans na gestreef word met 'n staande opdrag aan die moderamen om beleidmatig, planmatig en met doelgerigte aksie daarna te streef deur en tussen:
        - 2.4.1 Die Nederduits Gereformeerde Kerk familie, onder andere:
            - Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk)
            - Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA)
            - Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK).
            - Reformed Church in Africa (RCA)
            - Reformed Church in Zimbabwe
            - Swaziland Reformed Church
            - Church of Central Africa Presbyterian – Nkhoma Synod
            - Church of Central Africa Presbyterian – Harare Synod
            - Reformed Church in Zambia
            - Dutch Reformed Church in Botswana
            - Egreja Reformada em Moçambique
            - Egreja Reformada Evangélica Portugal
            - Reformed Church of East Africa
            - Iera Angola
        - 2.4.2 Die Kerke van gereformeerde beleidenis waarmee ons taal en oorsprong deel, soos byvoorbeeld:
            - Die Nederduitsch Hervormde kerk
            - Die Gereformeerde kerke
            - Die Afrikaanse Protestantse kerk
        - 2.4.3 Ander protestantse en Christelike kerke in die streek.
        - 2.4.4 Dat die mooi bande met die Council of Churches in Namibia (CCN) gekoester word deur ons teenwoordigheid, deelname en diensbaarheid.

## B. Teologiese opleiding

*Aanbevelings van die moderamen met betrekking tot teologiese opleiding en verwante sake word hoofsaaklik behandel onder die afdeling: C. Plaaslike Strukture Deel 1: Taakspanne Teologiese opleiding en verwante sake. Aanbevelings met betrekking tot die leierskap van die Taakspan Teologiese Vorming word vervat in afdeling D Plaaslike Strukture Deel 2.*

*Wat die samestelling van die taakspan betref*:

3. Die Sinode besluit dat die Taakspan Teologiese Vorming sal bestaan uit die leier van die taakspan (volgens aanbevelings anders hanteer), asook:
   3.1. Een verteenwoordiger uit elke ring,
   3.2. 'n Verteenwoordiger van DEGNOS
   3.3. 'n Aangewese of gekoöpteerde lid vir VBO.
   3.4. 'n Koördineerder vir teologiese navorsing.
   3.5. Verdere lede wat van tyd tot tyd volgens behoefte gekoöpteer word.
   3.6. Die Aktuarius van die sinode,

## C. Plaaslike Strukture Deel 1: Taakspanne.

*Uit Moderamen via Moderatuur 19 Mei 2020.*

4. **Leierskap begeleiding** (Opdrag van die moderator / voorsitter). Die werksaamheid is gefokus op
   4.1. Die begeleiding van die verkose en aangewese leierskap wat gemoeid is met die SINODE se werksaamhede. Dit is dus taakspanne en diensgroepe se leiers wat in die oog is.
   4.2. Voorts is dit gemik op die koördinering van die werk binne Taakspanne en Diensgroepe en onderling. Dat die groepe nie in isolasie werk nie, maar dat sinergie gesoek en bevorder moet word tussen Taakspanne en Diensgroepe.
   4.3. Dit gaan ook oor die mentor, motiveer, saam dink (in samewerking met die moderatuur) met die voorsitters van die diensgroepe en om te verseker dat die werk nie vasval nie.
   4.4. Dit gaan ook oor die mentor, motiveer, saam dink (in samewerking met die moderatuur) met die voorsitters van ringe en skakeling met die ringskommissies om te verseker dat die werk nie vasval nie.
5. **Teologiese Vorming** (Kuratorium, VTO, Predikante sake) Areas van fokus:
   5.1. <u>Kuratorium</u>: Die kuratorium waak oor die inhoude van opleiding, standaarde en hanteer die prosesse van kerklike keuring van kandidate voor hulle met opleiding begin vir bediening geskiktheid; keuring van kandidate om voorgelê te word aan die Algemene Kuratorium en Algemene Taakspan Predikante sake vir legitimasie; alle sake rakende bevoegdheid verkryging; eksaminering van persone wat aanmeld vir *colloquim doctum*. Die kuratorium besluit self wie die sinode verteenwoordig by die Algemene Kuratorium en ATP.
   5.2. <u>Bestuur die verhoudinge</u> en tussen DEGNOS, Karas Christi en NETS, en enige ander opleiding sentra waarvan gebruik gemaak word.
   5.3. <u>Kerkeie opleiding en studente begeleiding</u>: Die taakspan hanteer alle sake wat voorgelê moet word aan die Diensgroep t.o.v. studente wat opleiding ontvang in enige van die vier goedgekeurde bane t.o.v. die inhoud van kerkeie opleiding, die daarstel van kurrikula met inagneming van die uitkomste van die goedgekeurde raamwerk vir missionale teologiese opleiding en in oorleg met ander opleidingsentra; Die Taakspan begelei ook die studente se geestelike vorming dmv 'n mentor program.

5.4. Teologiese stimulasie en navorsing: Die taakspan doen navorsing oor sake wat die NGKN raak in haar bediening en stimuleer teologiese ontwikkeling deur die nuutste navorsing aan die kerk te kommunikeer, asook deur die bekendmaking van belangrike teologiese kontemporêre bydraes.

5.5. Voortgesette Bedieningsopleiding (VBO): Die taakspan hanteer alle sake wat betref bedieningsontwikkeling en voortgesette teologiese vorming van alle geordende bedienaars – in al vier bane van bevoegdheid – en soos vervat in die A – Z beleid van die algemene sinode waartoe die NGKN haarself verbind het. Dit behels onder andere:

  5.5.1. Die koördinering en aanbied van opleidingsgeleenthede dmv die Predikante konferensies, opleiding in oorleg met die opleidingsinstansies gemoeid met kerkeie opleiding en voortgesette opleiding;

  5.5.2. Die koördinering van kursusse van die instansies wat beskikbaar is vir NGKN geordende personeel; moet word aan die Diensgroep t.o.v. studente wat opleiding ontvang in enige van die vier goedgekeurde bane t.o.v. die inhoud van kerkeie opleiding, Die daarstel van kurrikula met inagneming van die uitkomste van die goedgekeurde raamwerk vir missionale teologiese opleiding en in oorleg met ander opleidingsentra;

  5.5.3. Die Taakspan begelei ook die studente se geestelike vorming dmv 'n mentor program.

6. **Leierskap bemagtiging** (Veral ook ongeordende leiers)

  6.1. Ouderlinge met bedieningsbevoegdheid en Standplaasleraars: Die Diensgroep hanteer alle sake wat betrekking het op opgeleide Diens-ouderlinge en – in oorleg met Teologiese Opleiding en Stimulasie Diensgroep – wat die ouderlinge moet deurloop; die fokus sal wees die besondere bedieningsbevoegdheid van elk sodat daar voortgaande opleiding is ook vir die ouderlinge;

  6.2. Voorts die mentoraat t.o.v. bediening van die lede plaaslik of deur gebruikmaking van ringspredikante waar die betrokke ouderling diens doen in 'n vakante gemeente.

  6.3. Klem moet gelê op die kompetensie soos aangedui vir baan t.o.v. die inhoud van kerkeie opleiding, die daarstel van kurrikula met inagneming van die uitkomste van die goedgekeurde raamwerk vir missionale teologiese opleiding en in oorleg met ander opleidingsentra;

  6.4. Kerkraadsbemagtiging Die Taakspan begelei, stimuleer en gee opleiding aan die plaaslike gemeenteleiding en leierskap.

7. **Missionale diakonaat** (Programme, gemeente begeleiding, armoede verligting en ) Fokusse:

  7.1. Armoede voorkoming en armoede verligting: Die taakspan se werk is:

    7.1.1. om dmv vroeë kinderontwikkeling en onderwysondersteuning deel te hê aan armoede voorkoming;

    7.1.2. om armoedeverligting projekte in gemeentes en gesamentlike projekte te stimuleer.

  7.2. Versorging van sorgbehoewendes: Die taakspan se werk is:

    7.2.1. om dmv nader trek van programme aan die gemeentes bejaardesorg en kindersorg te bevorder en te ondersteun en ook plaaslik waar daar nie maatskaplike dienste beskikbaar is nie, dmv netwerke aandag te gee plaaslik aan die uitdagings op die terreine;

    7.2.2. om deur middel van begeleiding en blootstelling gemeentes te help groei in missionaliteit en betrokkenheid in gemeenskappe

## D. Plaaslike Strukture Deel 2: Sinodale leierskap en nog ʼn taakspan

*Uit Die taakspan vernuwing en Strategie via Moderamen 8 Oktober 2020.*

*Die leierskap fokusarea (van Groeiplan 2026) het heelwat uitdagings omdat die NGKN slegs een voltydse amptenaar het. Een van die uitdagings is dus dat die regte leiers in die regte rolle almal individue is wat hierdie verantwoordelikhede bo en behalwe bestaande verantwoordelikhede, waarvoor hulle vergoed word, moet opneem. Die volgende beginsels geld:*

a. Die verantwoordelikhede waaroor dit gaan is (byna) in geheel in die daaglikse handelinge van die kerk, m.a.w. tussen sinodes. Die aanwysing kan daarom deur die gesag tussen sinodes, wat die moderamen is (namens die gemeentes), geskied.
b. Dit is wenslik om gemeentes nog nader te bring aan (nog beter te betrek by) die proses van verkiesing en aanwysing van leiers vir die verantwoordelikhede.
c. In die aanwysing van die leiers gaan dit om:
    I. Hoe hulle is (Eerste volgelinge van Jesus; gesindheid)
    II. Wat hulle moet doen (Mandaat, verantwoordelikheid)
    III. Wie hulle is (Gawes, kennis, vaardighede, kapasiteit, gepastheid)
d. Twee (deurlopende) liggame van leiers is nodig:
    I. Die uitvoerende span (moderatuur). Elke lid het ten minste een portefeulje met ʼn spesifieke mandaat. ʼn Portefeulje het gewoonlik ook ʼn taakspan met ʼn reglement (wat aandui wat die opdrag is, mandate is en beskryf hoe uitvoering gegee word daaraan).
    II. ʼn Verteenwoordigende oorsigspan (Moderamen). Die moderamen:
        i. Hou namens die gemeentes oorsig dat uitvoering van opdragte van die sinode (gemeentes via die sinode), binne beleid, reëls, beste praktyke en roeping, geskied.
        ii. Kan op voordrag van ʼn taakspan uitbreiding maak aan die opdrag van ʼn taakspan mits dit belyn is met paragraaf 4.b.i.
e. Een (tydelike) liggaam, ʼn Sinode, verteenwoordigend van al die gesagdraers (gemeentes) is nodig om:
    I. Van tyd tot tyd die roeping, beleid en reëls te hersien en te bevestig.
    II. Opdragte aan die deurlopende gesag te gee, wat in die reses hanteer moet word.

*Die aanbevelings, vir goedkeuring deur die sinode, berus op die beginsels hierbo en vervolg hieronder. Dele in kursief gedruk is bestaande bepalings of toeligting*:

### Kandidate Komitee

7. Dat ʼn Kandidate Komitee aangewys word deur die moderamen uit eie geledere.
8. Dat die Kandidate Komitee mense-hulpbronne-bestuur kundiges kan koöpteer.
9. Dat die Kandidate Komitee al sy werk geloofsonderskeidend uitvoer.
10. Dat die Kandidate Komitee die huidige Kommissie vir Kommissies vervang.

### Sinodale leierskap

*Volgens die huidige bepalings word die vergadering gelei deur die moderator, die assessor en aktuarius van die termyn wat die sinode vooraf gegaan het, bygestaan deur die Algemene Sekretaris as Skriba.*

12. Dat die Kandidate Komitee met sy werksaamhede begin ten minste 3 maande voor 'n sinode.
13. Dat die profiel en mandaat (soos goedgekeur deur die moderamen) van die Moderator en Assessor, ten minste een maand voor die finale verspreiding van die Sinodale agenda aan alle gemeentes voorsien word, met 'n uitnodiging om kandidate **aan te beveel**.
    13.1. Die profiel sluit in dat die kandidate die vermoeë het om die moderatuur portefeuljes van leierskap begeleiding en leierskap bemagtiging tydens die reses sal kan behartig.
    13.2. Die mandaat sluit in dat die kandidate die leierskap struktuur (Moderamen, Moderatuur) in die reses lei aan die hand van opdragte van die sinode.
14. Dat die Kandidate Komitee die lys van aanbevelings aan die hand van die profiel suiwer.

*Al die persone op die gesuiwerde lys en persone wat afgevaardig is na die sinode, vorm die lys van genomineerdes*.

15. Dat die vergadering die reg behou om tydens die vergadering ander kandidate op die lys te plaas, solank daar genoeg tyd is vir die Kandidate Komitee om te bepaal of die gesuggereerde persoon versoenbaar is met die profiel.
16. Dat verwag word van al die persone op die lys om 'n nominasievorm te onderteken om daarmee:
    1.1. Sy of haar bereidwilligheid aan te dui om verkies te word.
    1.2. Sy of haar onderneming te gee om die mandaat uit te voer indien verkies.

*Aan die einde van die vergadering word eerstens die Moderator en daarna die Assessor ingevolge die kerkorde gekies. Hulle tesame met die Algemene Sekretaris roep die verkose moderamen bymekaar om te konstitueer by afloop van die sinode*.

## Verteenwoordigende oorsigspan (Moderamen)

*Bepalinge bestaan waarvolgens die gemeentes van tyd tot tyd volgens indeling, ringskommissies aanwys*.

17. Dat die ringskommissie verteenwoordigers vir die moderamen aanwys wat bestaan uit twee geordende en twee nie-geordende lidmate per ring.
18. Dat moderator en Assessor, verkies tydens die laaste sinode, verantwoordelik is vir:
    18.1. Die leiding van die moderamen en moderatuur.
    18.2. Toesig oor die uitvoer van die mandaat soos gegee deur die sinode.

*Die afgevaardigdes van die ringe saam met die moderatuur vorm die moderamen.*

## Uitvoerende Leierskap (Moderatuur)

19. Dat die moderatuur verder, op voordrag van die kandidate kommissie, met drie of vier kundiges, gevul word, wat buiten vir portefeuljes wat gedurende die reses vakant raak, aan die einde van die sinode (nadat die Moderator en Assessor verkies is) gekies word om taakspanne te lei en te verteenwoordig vir die volgende portefeuljes:
    19.1. Aktuarius (met die taakspan kerkreg)
    19.2. Missionale diakonaat
    19.3. Teologiese Vorming
    19.4. Vernuwing en strategie.
20. Dat die Moderamen kundiges vir vakante portefeuljes mag aanwys op grond van 'n ondersoek van die kandidate kommissie, sou 'n portefeulje vakant raak in die reses.

21. Dat die profiele, mandate en waar van toepassing taakspan reglemente van die onderskeie moderatuur portefeuljes goedgekeur word deur die moderamen.
22. Dat die goedgekeurde profiele twee maande voor ŉ sinode, aan die gemeentes voorsien word, met ŉ uitnodiging om persone vir die verantwoordelikhede te **nomineer**. Nominasie vorms moet hiervoor deur die Kandidate Komitee voorsien word.
23. Dat verwag word van genomineerdes om die nominasievorm te onderteken om daarmee:
    23.1. Sy of haar bereidwilligheid aan te dui om verkies te word.
    23.2. Sy of haar onderneming te gee om die mandaat uit te voer indien verkies.

    *Daar bestaan bepalings waarvolgens geordende personeel in diens van die gemeente, vir ŉ gedeelte van sy of haar tyd in kollektiewe diens beskikbaar moet wees.*
24. Dat die nominasie, indien die genomineerde nie ŉ amptenaar van die gemeente is nie, vergesel word met ŉ geloofsbrief van die gemeente wat bevestig dat die persoon ŉ ongesensureerde lidmaat is. (Die genomineerde hoef dus nie ŉ kerkraadslid te wees nie).
25. Dat die Kandidate Komitee ŉ proses van ondersoek volg oor die genomineerdes (wat onderhoude of toetsing kan insluit), om die lys te suiwer.
26. Dat die sinode in vergadering die reg behou om ander persone vir enige of al die portefeuljes te nomineer, waarna aanwysing eers geskied as die nuwe genomineerdes ook deur dieselfde proses gaan, voordat die aanwysing of verkiesing kan plaasvind.
27. Dat die Moderamen kan besluit om dieselfde persoon vir twee portefeuljes aan te wys. In die verband mag die Kandidate Komitee aanbevelings maak.
28. Dat die persone so aangewys saam die uitvoerende span (moderatuur) vorm.

*Die vereiste vir nominasie en verkiesing is dus bevoegdheid, nie of die persoon georden is of nie.*

29. Dat elke taakspan ŉ medeleier verkies. Waar die persoon aangewys deur die sinode (of moderamen in geval van vakature) ŉ geordende is, word ŉ ongeordende lidmaat aangewys, en andersom. Een van hierdie twee neem sitting op die moderamen met volle stemreg (die verkose lid as lid van die moderatuur en die ander as sekundus).
30. Dat die Aktuarius **verkieslik** nie die voorsitter van die taakspan regte sal wees nie.
31. Dat die ander verkose lede van die moderatuur nie die voorsitters van hul onderskeie taakspanne **hoef** te wees nie.

*Die Algemene Sekretaris het ingevolge sy mandaat, as agent van die moderamen, tussen vergaderings die verantwoordelikheid om toe te sien dat die taakspanne funksioneer. Hiervan is koördinasie van taakspan werksaamhede en die verskaf van steundienste belangrike elemente.*

### Die Taakspan Vernuwing en Strategie

32. Dat die taakspan vir roepingsgedrewe kerkverband deel word van die moderamen se aanbeveling aan die sinode, maar met die benaming: Taakspan Vernuwing en Strategie.
33. Dat die taakspan die verantwoordelikheid dra en mandaat het om binne die verband leiding en rigting aan te dui, asook hulp en bronne daarstel ten opsigte van verband wye:
    33.1. Deurlopende vernuwing (*Semper reformanda*),
    33.2. Gemeentebou
    33.3. Verband opbou (Strategie)
    33.4. Roeping oriëntasie

34. Dat die taakspan 'n mandaat vir die funksionaris (persoon verkies vir die portefeulje) en reglement vir die taakspan voorlê by die volgende vergadering van die moderamen.
35. Dat die taakspan self verantwoordelik is vir befondsing van enige personeel of konsultante, onderhewig aan goedkeuring deur die moderamen.
36. Dat ander koste en uitgawes van die taakspan om sy verantwoordelikheid na te kom, soos nodig, uit sinodale, ring of gemeente fondse, gefinansier mag word.
37. Dat die taakspan jaarliks 'n begroting voorlê aan die moderamen, om saam te val met die finansiële boekjaar van die NGKN en maandeliks verslag doen van die toepassing van die begroting aan die DGA.

## E. Plaaslike Strukture Deel 3: Kubernese

*Uit Die taakspan vernuwing en Strategie via Moderamen 27 Mei 2021*

**Kubernese beteken:** administrasie, bestuur, leierskap (Dit kom uit die skeepvaart. Dit is om 'n skip wat nie joune is nie met 'n vrag wat ook nie joune is nie te neem na 'n hawe wat jy nie gekies het nie)

### Hierdie voorstel berus en kom na aanleiding van:

a. Gesprekke met die huidige en vorige Algemene Sekretaris (AS).
b. Waarnemings van die aktiwiteite, aanwending, frustrasies en rol van die AS.
c. Die Strategiese rigting van Groeiplan 2026.
d. Beginsels vir goeie korporatiewe bestuur.
e. Kennis oor opvolgbeplanning.
f. Verdere uitvoering van NGKN Sinode 2016 besluit 9.10 ten opsigte van Plaaslike strukture.

### Realiteite:

a. Die kontrak met die huidige AS verstryk oor 2 jaar.
b. Beperkte fondse laat behoorlike keuring, opleiding en voorbereiding van 'n opvolger onmoontlik. Ook die manier van doen hoe die pos gevul word (metode, beroeping e.d.m.)
c. Die beste indiensopleiding van moontlike opvolgers is om sulke persone die skriba van toepaslike vergaderings te maak.
d. Die huidige organisasie en struktuur van die kubernese funksies binne die verantwoordelikheid van die AS, blyk ontoereikend te wees.
e. Hoofsaaklik twee breë tipe rolle is nodig om die AS in staat te stel om sy funksie te verrig
    I. Raadgewend (ondersteunend met hul raad). Kundiges is daarom nodig op die volgende terreine:
        1) Finansies (veral oudit kundig)
        2) Ekonomies (veral belegging kundigheid)
        3) Mens bronne (met kennis van die Namibiese arbeidswet)
        4) Regsake (publieke, sake en privaatreg)
    II. Funksioneel: Hier is die klem meer op gewilligheid, ervaring en beskikbaarheid vir take, maar kundigheid is ook van belang. Funksies ter sprake is die volgende maar ander kundiges mag ook van tyd tot tyd nodig wees:
        1) Kerkreg
        2) Publieke getuienis
        3) Openbare betrekkinge en kommunikasie
        4) Argief

*Die funksies en take wat van die funksionarisse verwag word, is dikwels ad hoc of by geleentheid. Vergaderings van die funksionarisse op gereelde basis is dus nie nodig nie, kontak met elke funksionaris wel.*

## Kubernese Aanbevelings:

38. Daar word besluit dat alle bestaande strukture van die NGKN steundienste ontbind word.

### *Die AS Komitee vir Kubernese*

39. 'n Nuwe liggaam Die Algemene Sekretaris Komitee (ASKK) vir Kubernese word daargestel, met vrywilligers uit ten minste die volgende kennisvelde:
    - 39.1. Finansies en ouditkunde
    - 39.2. Ekonomie, met beleggingskennis
    - 39.3. Menslike hulpbronne
    - 39.4. Regte (privaat, sake en publiekereg)

40. Die komitee het slegs 'n afgeleide fidusiêre verantwoordelikheid, afgelei van die moderamen.

41. Die komitee het die volgende mandaat:
    - 41.1. Bedien die AS van raad op hul kundigheid terreine.
    - 41.2. Hou toesig oor die korrektheid en kwaliteit van verslae aan die moderamen of sinode.

*(Die komitee funksioneer soos 'n staande direksie komitee in publieke maatskappye, waarvan 'n ouditkomitee 'n baie algemene voorbeeld is. Die komitee het dieselfde soort van afgeleide fidusiêre verantwoordelikheid as wat direksie komitees het. Die finale fidusiêre verantwoordelikheid setel in die Moderamen).*

*(Die AS rapporteer aan die moderamen, wat dus die toesighoudende liggaam is. Die moderamen steun op die moderatuur vir die bestuur en toesighouding van die AS. Die ASK tree nie namens die moderamen of moderatuur op nie, maar namens en ter wille van die AS, soos 'n vakbond).*

42. Vakante poste van die komitee word geadverteer in die NGKN vir aansoeke of nominasies.
43. 'n Nominasie is slegs geldig indien dit 'n brief van die genomineerde insluit wat sy of haar bereidwilligheid om op die raad te dien aandui.
44. Persone wat aansoek doen of genomineer word moet 'n brief van sy/haar gemeente voorsien wat aandui dat die lid meelewend in die gemeente is.
45. Persone wat aansoek doen of genomineer word om op die komitee te dien word deur die AS op grond van bewese kundigheid en kerklike meelewing op voordrag aan die moderatuur aangestel.
46. Persone word vir 'n termyn van vier jaar aangestel, waarna heraansoek gedoen moet word sou die persoon begerig wees om verder in die komitee te dien. Die persoon kan ook weer genomineer word volgens die nominasie proses hierbo.
47. Die AS het die mandaat om op voordrag aan die moderatuur komiteelede te vervang. Die Algemene Sekretaris het die verantwoordelikheid dat die raad behoorlik funksioneer en neem leiding.
48. Die raad vergader soos nodig, maar ten minste een keer per kwartaal.

49. Een van die komitee lede het op rotasie basis of soos deur die komitee self aangewys, sitting op die moderamen. (Dit is om te verseker dat daar nie eensydige terugvoer na die regerende liggaam deurkom nie[1] en in lyn te wees met die besluite ten opsigte van die ander taakspanne).

*NGKN Funksionarisse*

50. Vakante poste vir die volgende funksionarisse word geadverteer in die NGKN vir aansoeke of nominasies.
    - 50.1. Vir kerkreg (Indien die AS ook die Aktuarius is)
    - 50.2. Vir publieke getuienis (Leer en Aktuele sake)
    - 50.3. Vir openbare betrekkinge en kommunikasie
    - 50.4. Vir die argief
    - 50.5. Ander kundiges soos van tyd tot tyd mag nodig wees.
51. ’n Nominasie is slegs geldig indien dit ’n brief van die genomineerde insluit wat sy of haar bereidwilligheid om op die raad te dien aandui.
52. Persone wat aansoek doen of genomineer word moet ’n brief van sy/haar gemeente voorsien wat aandui dat die lid meelewend in die gemeente is.
53. Persone wat aansoek doen of genomineer word om as funksionaris te dien word deur die AS op grond van bewese kundigheid en kerklike meelewing op voordrag aan die moderatuur aangestel.
54. Persone word vir ’n termyn van vier jaar aangestel, waarna heraansoek gedoen moet word so die persoon begerig wees om verder as funksionaris te dien. Die persoon kan ook weer genomineer word volgens die nominasie proses hierbo.
55. Die AS het die mandaat om op voordrag aan die moderatuur funksionarisse te vervang.
56. Die AS is verantwoordelik vir die bestuur en benutting van die funksionarisse.

*Skribaat / Opvolg beplanning*

57. Die moderamen wys twee individue aan (wat kan voldoen aan die AS posvereistes), op aanbeveling van die AS en na ’n behoorlike keuringsproses indien nodig om, om die beurt:
    - 57.1. Te dien as skriba van die ASKK.
    - 57.2. Te dien as skriba / koördineerder van die funksionarisse.
58. Beide die skribas het sitting op die moderamen. (Om goeie korporatiewe bestuur en opleiding verder te verseker[2]).
59. Die Moderamen behou die reg voor om enige een of beide van die skribas te roteer met ander moontlike kandidate vir AS pos in die toekoms.

*Sinodale beleid bestaan vir koste verhaling van lede wat vergaderings bywoon. Die vergoeding sluit vervoer, verblyf en daggeld waar van toepassing in.*

## F. Plaaslike Strukture Deel 4: Gemeente groepe en ringe

*Uit Vorige besluite van die Moderamen ten opsigte van ringe en uit die Taakspan Vernuwing en Strategie via Moderamen 27 Mei 2021.*

---

[1] Brown, J. Robert, The Demythification of the Board of Directors (July 30, 2014). 52 *American Business Law Journal* 131 (2015); U Denver Legal Studies Research Paper No. 14-37.

[2] Hambrick, D. C., Misangyi, V. F., & Park, C. A. (2015). The quad model for identifying a corporate director’s potential for effective monitoring: Toward a new theory of board sufficiency. *Academy of Management Review*, 40(3), 323-344.

## Beginsels Vertrekpunte ten opsigte van Gemeente Groepe (aanvanklik *clusters* genoem)

a. Die riglyn van 700 lidmate per predikantpos is onder druk.
   I. Te duur, nie volhoubaar,
   II. Strategies van minder belang,
   III. Ouderlinge met bevoegdheid nou beskikbaar.
b. Nuwe riglyne is nodig
   I. Hoeveelheid lidmate is in ʼn bepaalde area nodig voor dit ʼn pos regverdig of ʼn pos behou mag word.
   II. Hoeveelheid lidmate in ʼn bepaalde area en of finansiële drakrag nodig voor ʼn selfstandige gemeente kan bestaan.
c. Die riglyn moet voorsiening maak vir
   I. Samesmelting van gemeentes
   II. Meerdere kop gemeentes
   III. Gemeentes in vennootskap
   IV. Selfstandige gemeentes
d. Missionale karakter verandering van NGKN het tot gevolg:
   I. Predikant rol verander.
      1) Dit raak nou toenemend toeruster van gestuurdes toe
      2) Leiding van missionale aksies
      3) Bediening van lidmate val meer na die ouderlinge met bevoegdheid.
e. Aanlyn moontlikhede baie beter
   I. Leiding en toerusting kan teen byna geen koste tegelyk in verskeie plekke benut / aangebied word.
f. Gemeentes met meer leraars kan bediening en toerusting sentra word vir:
   I. Toegekende geografiese gebiede of
   II. Toegekende kundigheid velde,
g. Daar behoort ʼn (ten minste lang termyn) doel te wees om leraars oor tyd goed geografies te versprei.
   I. Groepeer byvoorbeeld 2 of meer gemeentes op die platteland saam onder leiding van 1 of meer predikante of verantwoordelike persone.
   II. As oorbrugging, tot tyd en wyl die groep selfstandig geraak het, kan die volgende gebruik word:
      - Preke bv. Aanlyn eredienste van ʼn ander gemeente (hologramme?).
      - Pastoraat en leiding deur ʼn leraar aangewys deur die ring.
h. Toerusting deur verskeie kundiges (gemeentes) en bedieninge (soos DEGNOS)
i. Geestelike leiding (behalwe deur plaaslike ouderlinge met bevoegdheid) kan nie deurentyd, of net aanlyn gedoen word nie (anders kan ons gewoon die preke van vermaarde predikers soos Tim Keller en NT Wright daar "uitsaai").
j. Daar moet ook leiding wees:
   I. Deur iemand wat die vinger op die pols van die missionale uitdaging in die geografiese gebied het.
   II. Deur iemand wat die "mense materiaal" se kundigheid en roeping ken.
   III. Deur iemand ten opsigte van die ontplooiing van gestuurdes en koördinering van missionale aksies kan.
   IV. In die modellering van Christus (om ʼn voorbeeld van Hom te wees).

k. ’n Belangrike funksie van die predikante pos in die groep is:
   I. Suksessie beplanning van ouderlinge met preekbevoegdheid en van diensleraars (identifisering van nuwe kandidate, opleiding en voortgesette opleiding).
   II. Pastorale versorging van ouderlinge met preekbevoegdheid en van diensleraars onder sy sorg.
   III. Vestiging en instandhouding van ’n koinonia in elke kop / bedieningspunt en tussen koppe.
   IV. Identifisering saam met elke bedieningspunt van die missionale geleenthede in hulle omgewing.
   V. Fasiliteer projekte / bedieninge hiervoor.
   VI. Bou van netwerke met ander groepe, gemeentes (binne of buite die NGKN)
   VII. Onderlinge deel van suksesse en lesse binne die groep.

## Voorbeelde en Moontlikhede

a. Omaruru groep (Omaruru-Kalkveld-Uis, Usakos-Karabib)
   I. Huidige totaal ongeveer 200 lidmate.
   II. Omaruru raak van strategiese belang vir hulp met ’n pos
   III. Saam raak een pos meer finansiël haalbaar.
   IV. Opsies, eenwording of twee koppige gemeente.
b. Luderitz Oranjemund groep (Luderitz, Aus, Bethanie)
c. Mariental groep (Mariental, Kalkrand Maltehöhe)
d. Karasburg (met Warmbad)
e. Aroab en Koës
f. Oewer groep (Noordoewer, Ausenkher, Rosh Pinah, Oranjemund)
g. Vennootskappe deur een of meer gemeentes byvoorbeeld
   I. Windhoek Wes, Pionierspark en Academia
   II. Windhoek Oos en Leonardville (omdat Dordabis tussen in lê)
   III. Eros en Outjo (Jagplek vir Eros; basaarplek vir Outjo).

## Befondsing

I. Vir goedgekeurde groepe, kan hulp uit die salarisondersteuningsfonds vir 2 tot 3 jaar oorweeg word.
II. Sterker gemeentes sluit ’n vennootskap met (nog) nie selfstandige groepe of neem so ’n groep wat waarskynlik nooit selfstandig sal raak nie, aan.

## Aanbevelings oor gemeente groepe en ringe

62. Die sinode kondoneer die ringsindeling soos deur die Moderamen van stapel gestuur.
63. Die sinode aanvaar dat ringe en gemeentes groepe kan vorm volgens die suggestie van die taakspan, en gee die moderamen in die reses afhandelingsbevoegdheid ten opsigte van:
   63.1. Skepping van sodanige groepe volgens die wens van ringe en / of gemeentes,
   63.2. Organisering van die groepe aan die hand van die beginsels aangedui deur die taakspan en / of wat van tyd tot tyd deur die moderamen uitgebrei en verbeter kan word, met dien verstande dat die aanvaarde strategie (Groeiplan 2026) dien.
64. Skepping van Netwerke vir gesprek oor spesifieke teologiese aspekte of aksie met betrekking tot die missie of diakonaat.

## G. Algemene aanbeveling

65. Die sinode gee opdrag aan die funksionaris kerkreg om die NGKN Kerkorde en bepalings aan te pas, om besluite 3 tot 63, (met die uitsondering van 58-60) daarin te beliggaam, waar van toepassing.